# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# *Koninkrykstyd*

**27 OKTOBER 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **18**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Visionering | **Selfdegeslagverbintenisse-besluit**

## 04 ARTIKELS

04 Visionering | **Ons nuut verkose NG Kerk-moderator *oor die toekoms***

04 Bedieningsbegeleiding | **Demensie is gediagnoseer. Wat nou?**

04 Bedieningsbegeleiding | **Studente 'traptoer'-uitreik: 'n Reis van geloof en gemeenskap**

04 Vennote in Getuienis | **Splintergroepe van Islam: Die Baha'i**

04 Ondersteuning | **Skribas kuier lekker saam**

04 Afrika Ekumene | **Inspirerende byeenkoms van ons Gereformeerde Familie in Afrika**

## 05 VERBI DIVINI MINISTER

05 Algemene Sinode 2023 | Liturgie

## 07 DIS 'N RING-DING

07 Ring-projekte | **Ring van Valsrivier**

## 10 MEDIATEEK

10 Boek en Inventaris | ***Old Testament Theology: An Introduction*** *(Walter Brueggemann)*

## 11 EKOLOGIE

11 **Ons soek jóú! Help ons netwerke van groen vingers bou** | Is jy 'n Ekologie-pliggie?

## 12 AKTUEEL ALGEMEEN

12 Algemene Sinodenuus

13 Advertensies

14 Opfrissingskursus vir spirituele begeleiers | 2024

## 16 OPLEIDING

## 17 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 18 BETREKKINGS

## 19 KALENDER

## 20 VERJAARSDAE

## 21 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES

## 23 'N LAASTE GEDAGTE

## 26 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe
Mariëtte Odendaal
André Barlow
Marlou Strydom
Enrico Casaleggio
Tertius Botha
Suzanne van der Merwe
Dougy Bubb
Bybelmedia | Kerkbode
Blêr | Martin Schwella

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

***19 - 20 MAART 2024**
AANDAG **VRYSTAATSE SPIRITUELE BEGELEIERS**

Die Sentrum vir Spiritualiteit bied in 2024 'n opfrissingskursus aan vir alle spirituele begeleiers wat sedert 2007 opgelei is - **SKRYF NOU IN!**

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 10 November**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za




# VRYPOS-FOKUS

# “Omdat ons *guns gevind* het, en *U ons ken*”

DEUR DS JAN LUBBE

In daardie woestyngesprek tussen Moses en die Here God – Eksodus 33 (die Skrifgedeelte voor die afgelope Algemene Sinode) – klink die woordjie “guns” weer en weer op: Die “vind van guns in die Here se oë”. Genade. In die verlede (33:12), blywend deur die hede (33:13) en met die oog op die pad vorentoe (33:17). Die “vind van guns in u oë” is selfs dié onderskeidende kenmerk van Israel tussen die mense; van hul identiteit (33:16). Dáárop berus Moses se gebed aan die Here én God se antwoord dat Hy saam met hulle verder sál trek, die woestyn deur, rigting Beloofde Land (33:17). Sý heilige, beskermende en versorgende teenwoordigheid op hul reis verder; bedags ‘n wolkkolom en snags lig – só het ons ook by die Vrystaatse Buitengewone sinodesitting in April vanjaar, gelees en gebid (Numeri 9:15-22).




Het daar só ‘n pad voor ons oopgegaan, soos ons verlede week by die Algemene Sinode gebid het? Het die Here gesê dat Hy meegaan, soos ons elke middag “die sinodelied” uit Eksodus 33 en Miga 6 gesing het? Het ons “guns gevind in die oë van die Here”? Waar staan die NG Kerk Vrystaat ná hierdie 18e Algemene Sinode van die NG Kerk in Suider-Afrika?

Uit die verhaal van Moses self, verder, maar ook uit die geskiedenis van Israel – en ja, ook deur ons eie dure ondervinding – het ons geleer dat mens versigtig op só ‘n vraag moet antwoord. Moses se eie verlange na nóg meer sekerheid – *“Here, wys asseblief u heerlikheid, u aangesig aan my”* (33:18) – word nie deur die Here toegestaan nie. Wél kry Moses die belofte dat hy God se Naam sal hoor, vol van barmhartigheid en genade, geduld, troue liefde en waarheid, vergifnis én geregtigheid (34:6-7). Dít het as’t ware die geloofsbelydenis van Israel op hul weg vorentoe geword; dié Naam van God (Nehemia 9:17, Psalms 86:15, 103:8; 145:8; Klaagliedere 3:22-23; Jona 4:2). Op goeie, dankbare en feestelike dae en óók toe Jerusalem in puin gelê en treur het. God se Naam is oor ons uitgeroep en gaan met ons saam – wat ‘n “guns” is dít nie?

Dat ons dié Naam gelowig mag bly noem, bely en bid? Mekaar daarmee mag troos? En tweedens, die ander versekering wat Moses ontvang: Hoewel geen mens God se gesig kan sien en bly leef nie – God is (te) heilig, ánders, heerlik, volmaak... laat God ons Hom “van agter sien”; sy rug, in die verbygaan, in die geskiedenis, wanneer ons terugkyk, Hom agterna. Tyd sal leer, sou mens dus byna wou sê...

Die vraag oor waar ons as Vrystaatse NG Kerk nou staan, sal oor vier weke (29 November 2023) wanneer die Moderamen en van die veertig afgevaardigdes na die Algemene Sinode byeenkom, op die agenda wees. Die ses beskrywingspunte wat deur ons Vrystaatse Sinode ingestuur was, is deur die Algemene Sinode hanteer en grotendeels net so aanvaar.

Ons belydenis oor **die Skrif as Woord van God** wat ons in samehang met sy Skeppingsopenbaring lees, in verhouding met Christus en lewendgemaak deur die Gees – al ís daar soms verskillende vertolkings van ‘n Skrifgedeelte onder ons – is deur die Algemene Sinode aanvaar en in meer as een besluit weer bevestig. Dít was ook die gees waarin Eksodus 33 en 34, Miga 6, Johannes 1 en 2 Korintiërs 3 tydens wydingsgeleenthede gelees is. Ons pleidooi dat die Algemene Sinode teologies aan **ons geloofsbelydenis** oor God as Skepper, Christus ons Verlosser en die Gees as ons Trooster sal vashou, is beaam, byvoorbeeld ten opsigte van die Bose en ook tydens die gesprek oor ander godsdienste. Ons versoek dat die Algemene Sinode in haar nadenke oor die toekoms dit vanuit ons gereformeerde belydenis oor die Kerk (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21) sal doen, is gehoor: ...

***Foto:** Voorblad van die Agenda van die 2023 Algemene Sinode*

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

VISIONERING

Algemene Sinode 2023

## Ons nuut verkose NG Kerk-moderator *oor die toekoms*

*Mariëtte Odendaal*



Lees hier »

BEDIENINGSBEGELEIDING

Gerontologie Netwerk

## Demensie is gediagnoseer. Wat nou?

*Ds André Barlow*
*Emeritus-leraar, NG Gemeente Hugenoot*



Lees hier »

VENNOTE IN GETUIENIS

Studentebediening

## Studente 'traptoer'-uitreik: 'n Reis van geloof en gemeenskap

*Marlou Strydom, Kopanong Church*



Lees hier »

VENNOTE IN GETUIENIS

Islam

## Splintergroepe van Islam: Die Baha'i

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



Lees hier »

ONDERSTEUNING

Skriba-opleiding

## Skribas kuier lekker saam

*Tertius Botha, Bestuurder: Administrasie en Inligting, NG Kerk Vrystaat*




Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

Reformed Family Forum

## Inspirerende byeenkoms van ons Gereformeerde Familie in Afrika

*Mariëtte Odendaal*



Lees hier »

# ARTIKELS

VERBI DIVINI MINISTER



## Algemene Sinode 2023
# "Gaan voor ons uit, Here"

**Deur** dr Suzanne van der Merwe, Erediens Netwerk

### Spiritualiteit en Liturgie: *Refleksies van afgevaardigdes*

Die 18de Algemene Sinodesitting van die NG Kerk het plaasgevind vanaf Sondag 15 Oktober tot Vrydag 20 Oktober 2023 te Birchwood in Boksburg. Die agenda se buiteblad het dadelik die oog gevang met die treffende illustrasies van Moses se lewe, deur dr Nico Simpson. Hierdeur het afgevaardigdes reeds 'n voorsmakie gekry van die beplande spiritualiteit en liturgie wat die sinodesitting gaan omraam.

Die fokusteks was Eksodus 33:12-23, en die tema van die sinodesitting 'n gebed *"Gaan voor ons uit, Here"*. Met die oog op die opening en afsluiting van die Algemene Sinode 2023 en elke dag se wydingsgeleenthede, is dié bede voorlopig in "kleiner", korter gebede verdeel en waaruit die betrokke dag se groter gesprekstemas en spiritualiteit sal vloei:

**Sondag(aand):**
***"Laat ons U hier ontmoet, Here"***
*(Eksodus 33:1-13, in 'n erediens ter opening van die Sinode)*

**Maandag: *"Laat ons u aangesig, u heerlikheid sien, Here"***
*(Eksodus 33:18-23 & 34:34:5-7, 'n dag van teologiese nadenke en verwondering oor Wie God is en hoe ons sy Woord hoor)*

**Dinsdag: *"Laat ons u land, u paaie sien, Here"***
*(Eksodus 33:13, 'n dag van nadenke en gesprek oor ons konteks en nood in Suider-Afrika)*

**Woensdag: *"Laat ons u Kerk sien, Here"***
*(Eksodus 33:16-17, 'n dag van nadenke en gesprek oor wie ons as kerke is, ekumenies en in gemeentes)*

**Donderdag: *"Laat ons u rus, u guns sien, Here"***
*(Eksodus 33:14, 'n dag van nadenke en gesprek oor die beloftes van God van herstel en heling)*

**Vrydag(oggend): *"Laat ander u teenwoordigheid by ons sien, o Heer"***
*(Eksodus 33:16-34:10 en met 'n erediens ter afsluiting van die week)*

Die algemene indrukke van die spiritualiteit en liturgie van die Algemene Sinode word deur ds Jan Lubbe, nuwe moderator van die Algemene Sinode, beskryf as 'n deurlopende liturgie. Dit het Sondagaand met 'n erediens begin en prof Nelus Niemandt het die Woord treffend bedien, so onthou ds Carli Fourie. Die preek kortliks opgesom, Eksodus 33 vertel dat God se sigbare rug metafories verwys na God se liefdevolle karakter. Tog vertrou ons op hierdie liefdevolle Vader sonder dat ons Sy gesig kan sien en ooit die Vader ten volle sal ken, God bly vir die mens 'n misterie.

Elke daaropvolgende dag het drie wydingsgeleenthede gehad. Die oggend-wydings was 'n meer formele liturgie, met 'n fokus op dele van die Eksodus 33-teks. Die middagwydings se fokus vanuit Miga 6, het dan ook ruimte geskep vir diepe verootmoediging.

**Lees meer**


KOUGOM
2024
STUDENTEKAMP
DIE TYD IS NOU
12-15 JANUARIE
R 1000
MOOIGENOEG
KAMPTERREIN
Haal Weer Asem!
Hoor Hoe Die Stem van Jesus Ons Roep,
Soos Lazerus, Uit Die Graf Uit
SKRYF NOU IN!
WWW.KOPANONGCHURCH.ORG/KOUGOM
VIR MEER INLIGTING
www.
KOPANONG
BEDIENING
MEER INLIGTING BY WWW.KOPANONGCHURCH.ORG

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# Ring van Valsrivier

"Hy het met sy Bybel onder 'n boom gaan sit, dit van blydskap gesoen en dadelik daarin begin blaai. Met ons vertrek was hy steeds besig om daaruit te lees – in sy eie taal!"

***Ds Dylan Allen***

*Skriba van die Ring van Valsrivier*
*en leraar van NG Gemeente Bothaville*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om daarmee gesamentlike ring-projekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word. "Wat die Ring van Valsrivier betref, is daar by die sinodale bediening Vennote in Getuienis ingeskakel," vertel ds Dylan Allen, skriba van die Ring van Valsrivier en predikant van die NG Gemeente Bothaville.

**Vir die Ring van Valsrivier is Christus se opdrag om na die nasies te gaan en hulle God se dissipels te maak, van groot belang. Daarom is die fonds ten bate van hul Caprivi-projek aangewend. Ons het meer gaan uitvind oor hul uitreik soontoe verlede jaar.**

"Om te probeer vertel wat die bediening in die Caprivi behels en wat dit vir elkeen wat betrokke is beteken, is 'n saak van onmoontlikheid," vertel Dylan, "maar ek gaan probeer ...

"Ons het vuur en vlam daar gearriveer – opgewonde om as gestuurdes vir die Here te werk. Ons het weggespring met 'n besoek aan 'n jeugsorgsentrum, die Zion Kinderhuis, waar ons met talle jongmense van verskillende herkomste in gesprek was. Ons het saam met hulle gesing, speletjies gespeel en ook aan hulle elkeen hul eie kombers as geskenk gegee. Hul dankbare glimlagte oor dié welkome meevallertjie sal ons altyd bybly.

"Vir die volgende vier dae het ons van dorpie tot dorpie gemeentes besoek; twee per dag. Die hartlikheid waarmee ons ontvang is, was werklik aangrypend. Ons is oorval deur verwelkomingsliedere, handeklap en drukkies. Dit alles het ons diep onder die indruk van hul opregte en passievolle liefde vir Christus gebring. (Dit het my nogal laat wonder of ons dieselfde beeld van vreugde en blydskap oordra as ons besoekers in ons midde ontvang ...)

Lees meer »

VRYSTAAT

# BRANDE

## HELP ONS OM DIE BOEREVERENIGINGS TE HELP

met **finansiële bydraes vir brandstof** om voer na die areas wat deur die brande verwoes is, te neem.

# HOOPFONDS

**ONS KORT JOU HULP!**

**NG Kerk Vrystaat**

**Nedbank | Tjekrekening 1178 097 218 | Takkode 198765**

**Verwysing: VS-Brande**

Diens van Barmhartigheid, ds De la Harpe le Roux

083 232 1051 /dlh@ngkvs.co.za



# Deel van God
## se storie

Vrouekonferensie

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

# 16 - 18 FEBRUARIE 2024

*HEBREËRS 11:1*

## AANBIEDERS

Dr Nina Müller van Velden
Prof Kobus Schoeman
Gasspreker

## BESPREKINGS NOU OOP

**BESPREEK HIER: HTTPS://QKT.IO/UFZL2G**

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat

# OLD TESTAMENT THEOLOGY


## *An Introduction*

**Walter Brueggemann**

*LIBRARY OF BIBLICAL THEOLOGY*
*ENGLISH / ABINGDON PRESS / 2008 / PAPERBACK*

"In this first volume in the Library of Biblical Theology series, Walter Brueggemann portrays the key components in Israel's encounter with God as recorded in the Hebrew Bible. Creation, election, Torah, the divine hand in history; these and other theological high points appear both in their original historical context, and their ongoing relevance for contemporary Jewish and Christian self-understanding. Summing up a lifetime of research, Brueggemann highlights major themes of the Old Testament. Seeing three significant revelations of God in Exodus 3:1-4; 19:1-24; and 32-34."

- ***Oorgeneem uit*** *© 2023 Christianbook, LLC*




MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die Mediateek van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**




## Is jy 'n *Ekologie-pliggie*?

Is jy dalk een van die baie lidmate in ons sinode wat in die oggend eers gaan koffie drink in jou tuin en in verwondering staan oor elke nuwe plantjie wat opkom? Het jy miskien onlangs jou eie groentetuin begin, of het julle dalk besluit om julle dorp se rommel op 'n gereelde basis te gaan help opruim? Óf dalk is jy een van daardie strydlustiges wat gereeld die natuur invaar om indringerplante te gaan bestry? Ons wil graag van jou hoor en op dié manier netwerke help vorm sodat ons meer by mekaar kan leer en julle nuus ook op hierdie platform kan deel. Kontak gerus vir Celicia McLean by cmclean@ngkvs.co.za. Intussen kan julle gerus gaan loer na die nimlike **Leon Kluge** se Facebookblad **HIERONDER**.

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

**Loer hier**

## AKTUEEL EN ALGEMEEN

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

18DE ALGEMENE **SINODE 2023**

BIRCHWOOD | SONDAG – 15 OKTOBER – TOT VRYDAG – 20 OKTOBER – 2023

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK – EEN LIGGAAM EN EEN GEES

# SINODENUUS

## **DEEL EEN** VAN DRIE

*“**Gaan voor ons uit, Here** – wys U die weg ons aan.”*

OORSIG: **19 Oktober 2023** se stories vanaf #algemenesinode2023

*Kerkbode / Bybel-Media / 19 Oktober 2023*

OORSIG: **18 Oktober 2023** se stories vanaf #algemenesinode2023

*Kerkbode / Bybel-Media / 18 Oktober 2023*

OORSIG: **17 Oktober 2023** se stories vanaf #algemenesinode2023

*Kerkbode / Bybel-Media / 17 Oktober 2023*

OORSIG: **16 Oktober 2023** se stories vanaf #algemenesinode2023

*Kerkbode / Bybel-Media / 16 Oktober 2023*

'n Kort oorsig oor die **werk van die NG Kerk**

*NG Kerk Algemene Sinode / 20 Oktober 2023*

Algemene Sinode 2023 **Amptelike besluite**

*Kerkbode / @sinode / 18 - 24 Oktober 2023*

Streeksinode se gestoei met insluit van **Belhar-belydenis** lê ‘400 jaar foutlyn’ bloot


*Kerkbode / Heléne Meissenheimer / 20 Oktober 2023*

Illustrasies: Leer meer oor die **voorblad van Agenda 2023**

*Kerkbode / Nico Simpson / 18 Oktober 2023*

Oorgeneem uit ***Kerkbode***, ***Bybel-Media***, ***NG Kerk***


OPEN
BINNEKORT
DURBANVILLE
BOEKWINKEL
JOU EENSTOP CHRISTELIKE WINKEL
Gehalte Christelike Boeke, Bybels, Kerklike materiaal, Gesangeboeke, Geloofsvormingsboeke, geskenke en vele meer!
The Village Square, Winkel2VW
Op Wellington Street
(langs Capitec)
Durbanville 7550
063 301 0624
durbanville@clf.co.za
Klik hier


CLF'S
BOOK
CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
BIBLES, CHILDREN'S BIBLES, FAITH FORMATION, SPIRITUAL GROWTH
info@clf.co.za
021 873 6964
Klik hier


VERKOOPSAGENTE
VIR CLF
BOEKSENTRUMS
CLF bied individue, gemeentes of organisasies die geleentheid om as Verkoopsagente vir CLF Boeksentrums aan te sluit.
1. SLUIT AAN
Kontak CLF om die nodige ooreenkomste en dokumentasie te voltooi om as Verkoopsagent vir 'n CLF Boeksentrum te registreer.
3. BEMARK
Verkoopsagente bemark die produkte deur die CLF Boeksentrum aan hulle netwerke, wyer ge-meentes en op hulle digitale platvorms om sodoende verkope te genereer.
2. PRODUKTE
4. VERDIEN
Klik hier


Charlotte Theron Kinder-
en Jeugsorgsentrum
BAZAAR
4 NOVEMBER 2023
INFO@ENGO.CO.ZA
WWW.ENGO.CO.ZA
Klik hier


MOENIE UITMIS OP ONS
GO/ART DE OLIVIA DAGBOEKE
2024
2024
A4 DAGBOEK
R350 per dagboek
A5 DAGBOEK
R250 per dagboek
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng
Bestel joune nou by info@engo.co.za
Klik hier


ENGO DESKPADS 2024
INTRODUCING THE STUNNING NEW ENGO ART DE OLIVIA DESKPADS
2024
Januarie
BY SENDING AN EMAIL TO INFO@ENGO.CO.ZA
Klik hier


KOOP
NOU
LUISTER
God se stem in my lewe
Karien Basson
LISTEN
God's voice in my life
BM
www.bybelmedia.org.za
Klik hier


1873 - 2023
GOD SE
LEWEGEWENDE
STROOM
Die verhaal van die NG Gemeente Frankfort
Dr Gerdie van der Merwe VDM
BESPREEK
VOORAF!
R500
NG KERK
FRANKFORT
FNB
TAK KODE: 230433
REK NR: 62638590126
VERWYSING:
Gedenkboek & Naam
Inligting: 060 524 2049
Klik hier


NUUT
LUCA
Vind die regte woorde
om jou hart na God te wend
HENNIE
MAARTENS
Gebed
vir elke
geleentheid
Hierdie is nie net die perfekte boek om 'n persoonlike gebedslewe te verryk nie, maar ook die ideale boek vir mense wat vir groepe moet bid, soos onderwysers, skoolhoofde, predikers, ouderlinge, selgroep-leiers en jeugleiers. Kondig dit af in u kerke, gemeentes en enige geestelike byeenkoms.
Klik hier

REGISTER NOW!

# INFORMATION BROCHURE
# SPIRITUAL DIRECTION REFRESHER COURSE 2024

Everyone who has completed the spiritual direction course since 2006 are invited to enroll for the spiritual direction refresher course.
The refresher course is specifically aimed at people who want to be spiritual directors accredited with the Centre for Spirituality.

**The aim of the refresher course is to:**

- re-ignite our passion for spiritual direction;
- sharpen our skill as spiritual directors; and
- accredit participants as spiritual directors with the Center for Spirituality.

**Requirements during the year of the refresher course:**

- to start or continue your own process of spiritual direction (supervision);
- to practice a daily personal contemplative practice (Centering Prayer); and
- to attend one 3 night guided silent retreat during the year.

## Format of the refresher course:

4 blocks of two days each focused
on equipment and training

19/20 March
*(2 days in person in Pretoria)*
9:00 -15:00
Theme: Faith practices
The A-Z of spiritual direction
Spiritual Direction in Practice

18/19 June
*(2 mornings on zoom)*
9:00 – 13:00
Theme: The A-Z of spiritual direction
Spiritual Direction in Practice

20/21 August
*(2 mornings on zoom)*
9:00-13:00
Theme: Image of God and view of Scripture
Spiritual Direction in Practice

22/23 October
*(2 days in person in Pretoria)*
9:00-15:00
Theme: Discernment and Vocation
Spiritual Direction in Practice

LEARN MORE

UNIVERSITY OF THE **FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA **FREISTATA**

UFS
THEOLOGY AND RELIGION

## Requirements for admission

Requirements for admission and academic articulation: A four-year degree in Theology or, alternatively, a three-year Bachelors degree followed by an Honours degree. The successful completion of the Masters programme in Spiritualty, based on certain requirements, provides students access to enrolment for a PhD in Spirituality.

**Cost of the program**
The University of the Free State yearly stipulates the cost of the programme. It is possible to apply for a limited number of available bursaries.





**MTh in Spirituality**
"... the lived experience of Christian faith and discipleship"

<u>Contact details:</u>
theology@ufs.ac.za

Annelize Dreyer
Practical and Missional Theology
051 401 3430
DreyerA@ufs.ac.za

VISION 130
Renew and Reimagine for 2034

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS
THEOLOGY AND RELIGION

# Postgraduate Diploma in Theology at the University of the Free State

*Are you called to serve as a leader in your church needing formal theological training?*

# Postgraduate Studies in Practical and Missional Theology

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## NUUT Nuut in die bediening

**31 Oktober - 2 November** | Die volgende module, in hierdie sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling, gerig op predikante in die vroeë fase van hulle bediening: *"Wat maak ons met die Nuwe Testament?"* word aanlyn per Zoom deur dr Kobus Myburgh aangebied. Koste: R105 | VBO: 30 punte | Sluitingsdatum: 27 Oktober 2023. Navrae @ Rika by excelsus@up.ac.za

Lees meer + Registreer +

## Dié kursusse open nuwe deure

Elk van hierdie kursusse bevat 12 sub-temas en studente kan enige tyd van die jaar registreer. Al die kursusse word via afstandonderrig aangebied. Leraars ontvang 55 VBO-punte vir elke kursus en 20 punte vir lede van CPSC (Beradersvereniging). Ná suksesvolle voltooiing van enige van dié Jaarkursusse kan daar ook aansoek gedoen word vir amptelike registrasie as Pastorale Berader by CPSC. Die kursusse kan ook as krediete dien vir verdere studie. Studente kan in enige stadium van die jaar registreer. Navrae @ 083 660 0409 / e-posadres: wentzelc@gmail.com

Lees meer +

## Inleiding tot Emosionele Logika

Voel jy kwaad en magteloos oor beurtkrag? Ontdek die logika van jou emosies.

Lees meer + Registreer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

**Publikasie**
*Appealing spaces*
**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Publikasie**
*Uit die Beek 2024*
**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Publikasie**
*Authorising "authentic" African readings of the Bible*
**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Stemme by die sinode: 'Dié lied bied iets tasbaar om aan vas te hou in moeilike gesprekke'**

*Kerkbode | @sinode | 19 Oktober 2023*
*Estian Mentz*

**Mikrofoonvrees loop hoog onder veral jongeres en vroue in Algemene Sinode se groot vergadersaal, wys peiling**

*Kerkbode | @sinode | 19 Oktober 2023*
*Le Roux Schoeman*

**Rampreaksie: Ekumeniese netwerk nooi wyer samewerking as ooit om Christelike getuienis te konsolideer**

*Kerkbode | @sinode | 18 Oktober 2023*
*Heléne Meissenheimer*

**Algemene Sinode: Maartje van der Westhuizen as ondervoorsitter verkies**

*Kerkbode | @sinode | 16 Oktober 2023*

# BETREKKINGS

## VAKATURES




OORGENEEM UIT KERKBODE




OORGENEEM UIT KERKBODE







Die doel van hierdie bladsy is om inligting te verskaf oor vakatures beskikbaar by en geadverteer deur *Vrypos*, NG Kerk Vrystaat. Alle advertensies vir vakante poste behoort aan die Wet op Gelyke Indiensneming te voldoen. Advertensies mag geen onbillike diskriminasie bevat nie. **Lees die volledige stel riglyne deur *Kerkbode* hier**.

**Kerkbode**

**MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**MEER INLIGTING** | skakel@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**




**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus hier op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# VERJAARSDAE



Veels geluk!

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## OKTOBER »

| | |
|---|---|
| **28** | Ds Riekie Wilken<br>**DEALESVILLE** |
| **29** | Mev Lisma Liebenberg<br>**SINODALE KANTOOR** |
| **31** | Ds Gerhard Wessels<br>**DAGBREEK** |

## NOVEMBER »

| | |
|---|---|
| **02** | Ds Christo Louw<br>**AANDBLOEM** |
| **08** | Ds Marthiens Heymans<br>**BLOEMVALEI** |

# Die Verlore Skapie

## Omgee

deur MARTIN SCHWELLA



"Dankie Here vir die nuwe dag." bid Leon die lammertjie, nadat hy opgestaan het. Die môresonnetjie skyn deur sy kamervenster. "U is die goeie Herder, U laat my veilig wei!

Blêr!" Leon se ogies is styf toe terwyl hy bid en hy vra iets baie na aan sy hart vir sy Herder. "Here, wys my vandag hoe ek ander kan help. Ek sukkel daarmee." vra Leon, sy een ogie gaan oop en hy loer op na die dak. Hy wil net seker maak dat hy gehoor word. "AMEN" bid hy klaar en nou is dit tyd om met die dag te begin.

Leon eet gou-gou klaar en groet sy Mamma by die deur. "Koebaai Maaamaaaa!" groet hy sy mamma met 'n verspotte druk en hy is uit by die deur.

Buite staan Leon eers stil voordat hy begin stap. Hy sien die helder blou lug, die spierwit wolke en die mooi groen bome in Blêrfontein. Hy haal diep asem en blaas weer uit. Net toe Leon sy asem uitblaas, sien hy iets wat hy nog nooit gesien het nie. Kan jy nou meer!

"HY IS JOU HERDER! HY HET JOU LIEF EN HY SAL SORG!" - dit is Tannie Êna wat alweer iemand bedien met haar sang. Sy staan met 'n sak oor haar skouer en sy sing vir 'n bok, 'n boemelaarbok, terwyl sy sy pootjie ferm vashou.



Leon se ogies kyk nou bietjie fyner. Onthou, Leon het gevra dat die Herder hom moet wys en nou kyk hy ekstra mooi na alles. Hy sien dadelik dat die boemelaarbok se pote vuil is en tannie Êna, met 'n skoon poot, hou dit steeds vas terwyl sy sing. Die boemelaarbok lyk of hy swaarkry. Sy skoene is stukkend, sy klere is vuil en hy sit op koerante, maar steeds glimlag hy vir tannie Êna. Tannie Êna is nou klaar gesing. "EK HET VIR JOU IETS GEBRING." Tannie Êna haal vir die bok 'n paar splinternuwe skoene uit die sak, 'n heerlike ete en 'n paar ander benodigdhede wat hom 'n rukkie sal hou. "ONTHOU DIE HERDER HET JOU LIEF EN HY SAL JOU HELP" sê tannie Êna vir die bok. Leon het alles dopgehou. Hy knik sy kop, glimlag breed en toe stap hy aan.

Leon staan verstom. Hy sien vir die eerste keer raak hoe die diere in Blêrfontein mekaar help. Hy is skoon opgewonde. Leon loer weer na bo. Hy dink aan sy gebed van daardie oggend en glimlag weer breed. Leon sukkel om te verstaan hoe die diere mekaar so help. Hulle kyk uit vir ander en stel ander voor hulleself. Leon wonder steeds hoe hy kan help.

**Lees meer hier, my BLÊR**

TEKS: **JESAJA 40:1, 9** (AFR83)
**Ds Dougy Bubb** | Leraar van NG Gemeente Bethlehem-Éfrata

# My God is hier!

*1 Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Dit, sê julle God, moet julle vir my volk sê.*

*9 Klim op 'n hoë berg en roep hard, Sion, jy wat die goeie tyding moet bring; roep hard, Jerusalem, jy wat die goeie tyding moet bring, moenie bang wees nie. Sê vir die stede van Juda: "Julle God is hier!"*

**JESAJA 40:1, 9 (AFR83)**

In een van die museums in Londen tref 'n mens 'n baie interessante kaart agter verseëlde glas aan. Die vergeelde datering daarop is 1525. Die kaart bestaan uit 'n primitiewe voorstelling van die oseaan. Die kartograaf, of dalk iemand ná hom, het dit goedgedink om op bepaalde plekke op die kaart, soos die gebruik was om by onbekende plekke te doen, waarskuwings in te skryf, in Latyn: "Hic sunt dracones" – "Here be dragons", "Hier is drake"!

Wat die kaart egter nog merkwaardiger maak, is die feit dat 'n ander Britse ontdekkingsreisiger, Sir John Franklin, dit in die vroeë 1800's gebruik – of ten minste onder oë moes gehad het. Hy het nie net die waarskuwings van sy voorganger met dik hale doodgetrek nie, maar in groot letters dwarsoor die hele kaart geskryf: **"HIER IS GOD."** Ook by die onbekende plekke, daar is God!

Wanneer Jesaja in hoofstuk 40 met die volk praat, dan is Israel in ballingskap. Hulle is mense wat beleef het dat God se stem stil geword het, dat God hulle verlaat het. En dit is dan in hierdie moedelose situasie waarin die volk verkeer, in hierdie "God-lose" wêreld, in hierdie onseker tyd in hulle lewe wat die aankondiging kom: **"Die uitkoms is hier!" (vers 1), wat beteken: God self is hier. "Sê vir die stede van Juda: Julle God is hier!" (vers 9). God self is teenwoordig in hulle onseker tye.**

Lees meer »



Foto: **Ds Dougy Bubb**

**DOEN JY ADMINISTRASIE?** **HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk
Vrystaat

'n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za


NG Kerk
Vrystaat
2024
STUDENTE
BEURSAANSOEKE
NOU OOP!
DOEN AANSOEK
KONTAK ONS
Tertius Botha
(051) 406 6700
tbotha@ngkvs.co.za
ngkerkvrystaat.co.za
Aansoeke sluit
31 JANUARIE 2024

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za



# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking